




NONGQAI

Vol 16 No 10A Okt 2025

SUIDER-AFRIKA VEILIGHEIDSTUDIES & MAGTE GESKIEDENIS
SOUTHERN AFRICA SECURITY STUDIES & FORCES HISTORY

Spesiale Uitgawe



Maj. Gabriel Edward Diedericks
en die
SAP SPESIALE STAF
gedurende WO2

deur Dr Heinrich Matthee



EDITORS

The editor-in-chief of *NONGQAI* Magazine is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of *NONGQAI* is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), herself a former police officer and journalist at *Beeld* newspaper.

The editor of *NONGQAI*'s digital publications and group operations manager is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for *NONGQAI*'s YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. **Logan Govender** ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. **Henning van Aswegen** ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

REDAKSIE

Die hoofredakteur van die *NONGQAI* tydskrif is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A. Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van *NONGQAI* se vroue-blad is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant *Beeld*.

Die redakteur van *NONGQAI* se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-radakteurs. Kol. **Logan Govender** ("LG"), is ons historikus vir die geskiedenis van polisie-lede van Indiër-afkoms. **Henning van Aswegen** ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligensie Akademie, versorg intel-nuus.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie.**

Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

COPYRIGHT POLICY

NONGQAI is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

ERKENNING VAN KOPIEREG

NONGQAI is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**

Contact Particulars - Kontakbesonderhede

Brig. Hennie Heymans: ☎ +27 (0)72 336-1755



editor@nongqai.org

WEB: www.nongqai.org

Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.

HB Heymans: heymanshb@gmail.com

NONGQAI oorsprong & oogmerke

sedert 1907



NONGQAI is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suid-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomاسie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. **NONGQAI** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste **NONGQAI** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam **NONGQAI**, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die **NONGQAI** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.

Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die **NONGQAI** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suid-Afrika.


NONGQAI se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog www.nongqai.org en die ISSUU-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van **NONGQAI** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. **Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie.** Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evalueringe. **NONGQAI** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

NONGQAI, hetsy as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: <https://nongqai.org> Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.

NONGQAI since 1907 our roots & goals



NONGQAI is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This **NONGQAI** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.



The original **NONGQAI** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name **NONGQAI**, which in Zulu means “the king’s watchmen”, was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandalier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the **NONGQAI** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the **NONGQAI** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.

NONGQAI in its traditional magazine format (standard and Ladies’ editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog www.nongqai.org and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of **NONGQAI** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. **The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publishers accept no liability for it.** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. **NONGQAI** itself thus isn’t, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

NONGQAI is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

Table of Contents

VOORWOORD	6
Dr Johan Burger: Voorsitter van die Nongqai Trust en Nongqai se Bestuurskomitee	6
MAJ. GABRIEL EDWARD DIEDERICKS EN DIE SPESIALE STAF TYDENS DIE TWEDE WÊRELDOORLOG	9
Dr. Heinrich Matthee, ere-leerstoelhouer in veiligheidstudies, Akademia	9
AFTERWORD	32
Commitment, Duty and Reflection: A Contemplation on Major GE Diedericks, KPM, MVO	32
Brig HB Heymans (SAP – Ret)	32
NAWOORD	34
Verbintenis, Plig en Nabetrugting: 'n Oordenking oor Majoor GE Diedericks, KPM, MVO.	34
Brig HB Heymans (SAP – Afgetree)	34

VOORWOORD

Dr Johan Burger: Voorsitter van die Nongqai Trust en Nongqai se Bestuurskomitee



Ek het die artikel deur dr Heinrich Matthee oor maj. Diedericks en die polisie se Spesiale Staf tydens die Tweede Wêreldoorlog met groot belangstelling gelees. Die oorheersende gedagte wat by mens opkom is hoe die geskiedenis homself herhaal.

Terwyl daar in die algemeen groot verdeeldheid onder Suid-Afrikaners was oor oorlogsdeelname aan die kant van Brittanje teen Duitsland is dit veral die verdeeldheid onder Afrikaners wat vir die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) 'n ernstige dilemma geskep het. Die belangrikste rede daarvoor was waarskynlik die samestelling van die SAP wat grootliks uit Afrikaners en veral plattelandse Afrikaners bestaan het. En plattelandse Afrikaners was meer konserwatief en waarskynlik ook meer nasionalisties gesind as hulle kollegas met stedelike wortels.

Voeg hierby die ewige strewe van die Afrikaner, veral gedurende daardie tydperk, na die herstel van die ou Boere republieke begin mens verstaan wat die potensiaal vir konflik was. Sommige Afrikaner groepe, soos dr Matthee uitwys, het oorgegaan tot aktiewe verzet teen die oorlog. Dit was die begin van organisasies soos die Ossewa-Brandwag (OB) en sy militêre vleuel, die Stormjaers (SJ). Mens kan jou indink hoe polisiemanne destyds moes worstel tussen pligsbesef (hulle wetlike verantwoordelikhede) en hulle simpatie met anti-oorloggesindes en selfs met kollegas wat aktief by organisasies soos die OB en SJ betrokke was. Uit Dr Matthee se artikel blyk dit egter baie duidelik dat in verreweg die meeste gevalle pligsbesef geseëvier het.

Tog, soos ook verder uit die artikel blyk, is pligsbesef nie oral eweveel waardeer nie en toe die Nasionale Party (NP) drie jaar na die oorlog in 1948 die bewind in Suid-Afrika oorgeneem het, is veral polisielede wat getrou hulle plig onder die vorige bedeling nagekom het op verskeie maniere benadeel. So is die loopbane van verskeie offisiere, soos maj Diedericks, ernstig gekortwiek en is hy gevolglik genoop om relatief vroeg uit te tree omdat daar vir hom weinig vooruitsigte op enige verdere bevordering was.

Die parallele tussen die gebeure en dilemmas vyftig jaar tevore en dié in die aanloop tot demokratiese Suid-Afrika¹ in 1994 en daarna is verseker stof tot nadenke. En hier kan na veral twee strome van gebeurtenisse verwys word. In die eerste plek moet verwys word na die verset optrede deur hoofsaaklik Afrikaner organisasies soos die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) en die sg Boeremag. Beide hierdie organisasie was hewig gekant teen die oorgawe van politieke mag deur die Nasionale Party regering aan die bevrydingsgroepeerings en weereens was dit aan die SAP en sy Veiligheidstak (opvolger van die Spesiale Staf na die 2de Wêreldoorlog) te danke dat hierdie twee bedreigings aan bande gelê en verskeie persone wat by terreurdade betrokke was gearresteer en vervolg is.

Tydens die polisie se optrede teen lg organisasies is onder meer gebruik gemaak van geïnfiltreerde agente, beriggewers en ander heimlike metodes. Maar hierdie optrede van die polisie is nie oral ewe veel waardeer nie en het weereens gelei tot hewige kritiek, veral onder Afrikaners en selfs onder polisielede wat simpatiek teenoor hierdie organisasies gestaan het.

In die tweede plek is daar die latere gevolge vir toegewyde lede van veral die Veiligheidstak as gevolg van hulle optrede in die verlede teen lede van die bevrydingsorganisasies en ander anti-apartheidsorganisasies. Verskeie generaals en ander senior offisiere in beide die SAP en die Suid-Afrikaanse Weermag is reeds voor die verkiesing in April 1994, om politieke mag te oorhandig, gedwing om te bedank.² Ander het uit hulle eie bedank omdat hulle nie die nuwe bedeling ondersteun het nie en nie kans gesien het om onder die nuwe bewind te dien nie.

Daarbenewens is etlike lede van veral die Veiligheidstak, wat nie vrywaring by die Waarheid en Versoeningskommissie (WVK) ontvang het nie, strafregtelik vervolg vir optrede teen lede van bevrydingsgroepeerings wat gespruit het uit hulle diens tydens die ou bedeling. En hierdie vervolgings duur vandag nog voort.

¹ So genoem onder meer omdat alle Suid-Afrikaners na April 1994 stemreg ontvang het ongeag ras of kleur.

² Name word liefers verswyg weens 'n gebrek aan toestemming en omrede baie van hierdie persone nog lewe.

Oor die billikheid en regverdigheid van maghebbers se optrede teen amptenare soos die polisie en die weermag wat net hulle wetlike pligte en verantwoordelikhede tydens 'n vorige politieke en staatkundige bedeling nagekom het, sal seker nog baie gepraat en geskryf kan word. Dit is waarom 'n goed nagevorste artikel soos dié deur dr Matthee so waardevol is en daar word gehoop dat ons mettertyd nog meer sulke gevallestudies sal sien.

Dr Johan Burger

Onafhanklike misdaad en polisiëringskonsultant

(Voormalige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, Veiligheidstak)

Oktober 2025

NONGQAI

Vol 14 - No 4C - April 2023

YOUR SECURITY HISTORY MAGAZINE WITHOUT MALICE
U VEILIGHEIDSGESKIEDENIS TYDSKRIF SONDER KWAADWILLIGHEID



Col J J "Bull" Coetzee, WW2 security chief
Spesiale uitgawe / Special edition

NONGQAI

Vol 14 - No 9A - September 2023

U VEILIGHEIDSGESKIEDENIS TYDSKRIF SONDER KWAADWILLIGHEID
YOUR SECURITY HISTORY MAGAZINE WITHOUT MALICE



Spesiale uitgawe / Special edition
Lt Genl H J du Plooy

SAP Kommissaris 1960 - 1962

MAJ. GABRIEL EDWARD DIEDERICKS EN DIE SPESIALE STAF TYDENS DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Dr. Heinrich Matthee, ere-leerstoolhouer in veiligheidstudies, Akademia



In *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Polisie (1913-1988)* is daar 'n gedeelte oor die Spesiale Staf tydens die Tweede Wêreldoorlog. Tydens 'n aanklaerskursus in Pretoria in Maart 1990 het ek op die boek afgekom en daarin 'n foto opgemerk van maj. Gabriel Edward Diedericks. Diedericks is aangedui as die stigter van die Spesiale Staf in 1939.³

Destyds was ek na-uurs besig met 'n honneurskursus in strategiese studies by prof. Deon Fourie van UNISA. Binnelandse stryde het my geïnteresseer. Ek het gewonder of daar nog mense sou wees wat iets van die Spesiale Staf weet en met die soektog begin.

Na 'n oproep na die SAP by die Kopol-gebou in Pretoriusstraat het ek uitgekóm by Johannes Marthinus Visser (Fish), 'n speurder tydens die oorlog en 'n tydelike adjudant-offisier. Na 'n gesprek op 15 Maart 1990 en 'n onderhoud met hom op 16 Maart⁴, het ek by genl. Danie Bester

³ Marius de Witt Dippenaar, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Polisie (1913-1988)* (Promedia Publikasies: Silverton, 1988), bl. 171.

⁴ Johannes Marthinus Visser (Fish), onderhoud 15 Maart 1990 en 16 Maart 1990, Pretoria.

uitgekom, en op 19 Maart 'n onderhoud met hom by sy huis in Garsfontein gevoer. Hy was van April 1940 tot April 1943 verbonde aan die Spesiale Staf.⁵

Die spoor na maj. Diedericks in die destydse Transvaal het daarna doodgeloop. Een naweek terug in die Kaap het ek in die telefoonboeke rondgekyk en iemand met dieselfde voorletters en van se adres opgemerk. Die man wat later die voordeur van Helderberg Village 76 tussen Stellenbosch en Somerset-Wes oopgemaak het, het wit hare en blou oë gehad. Volgens sy ore was dit dieselfde man as op die foto in die SAP-geskiedenisboek.

Toe maj. Diedericks my verhaal hoor, het hy my na binne genooi. Die onderhoud met hom is op 29 Maart 1990 met sy toestemming op 'n diktafoon opgeneem.⁶ Slegs toe hy sy oordeel oor Hans van Rensburg, die leier van die Ossewa-Brandwag (OB), wou gee, het hy versoek dat dit nie deel van die rekord is nie. Sy Engelssprekende vrou het vir ons tee gebring, en daarna is ek vort. Hy was toe reeds sowat 90, maar hy het baie helder, beleefd en professioneel oorgekom.

Nuwe ontwikkelinge en navorsingstemas het my daarna op nuwe werkpaaie geneem. Baie jare later, tydens 'n vervolgondersoek oor PAGAD en Midde-Oosterse sake, het ek kennis gemaak met Brig. Hennie Heymans. Hy het my gewys op foto's en artikels oor die SAP in *Nongqai*, die tydskrif vir veiligheidsgeskiedenis waarvan hy die redakteur is. Verdere foto's en koerantknipsels wat hy gedeel het, het saam met my drie destydse onderhoude my in staat gestel om 'n genoegsame beeld van die oorlogtydse Spesiale Staf te vorm. Daarvoor is ek hom baie dank verskuldig.

Verdere navorsing in the National Archives, Londen, in November 2022 het my by relevante dokumente oor koloniale polisiëring in Suid-Afrika uitgebring. Hierdie skryfstuk fokus veral op Maj. Diedericks en die Spesiale Staf binne 'n diep verdeelde politieke orde tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe Suid-Afrika as 'n dominium deel van die Britse Ryk was.

Diedericks se loopbaan tot 1939

Na die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was daar polisiemanne en werkgroepe in die SAP wat ook politieke gebeure en rolspelers gemonitor het. Kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het die destydse luitenant Diedericks opdrag gekry om 'n

⁵ Luitenant -generaal Daniël Andries Bester, onderhoud 19 Maart 1990, Garsfontein.

⁶ Majoor Gabriël Edward Diedericks, onderhoud 29 Maart 1990, Helderberg Village 76, Somerset-Wes.

spesiale politieke eenheid saam te stel om politieke misdrywe te ondersoek. Die nuwe eenheid is eers die Politieke Staf en toe die Spesiale Staf genoem, maar is in die omgang ook as die Politieke Polisie of Politieke Speurdiens bestempel.

Wie was Diedericks? Gabriel Edward Diedericks is gebore as een van dertien kinders op die plaas Middelkraal in die Willowmore-distrik, Kaapland in 1901. Op skool het hy sokker begin speel en tot op die ouderdom van 44 die sport beoefen. Na sy polisie-loopbaan het hy ook op etlike sokkerklubs se besture gedien. Hy sluit aanvanklik as jongman in 1919 aan by die Cape Mounted Rifles (CMR) in Uitenhage, en word 'n jaar later 'n speurder. Hy was as jong polisieman betrokke by die onderdrukking van die Bulhoek-opstand in 1921 en by skermutselinge met die Randse mynwerkerstakers van 1922.⁷ Hy is bevorder na eersteklas speursersant en na Marshall-plein in bevel van drankpolisiëring oorgeplaas.

Op 1 Oktober 1929 is Diedericks as hoofkonstabel in bevel van die Diamanttak na Namakwaland. Daar het hy ook diens as staatsaanklaer verrig, 'n verskynsel wat soms by kleiner landdroskantore in plattelandse gebiede voorgekom het. Op 1 Desember 1931 is hy aangestel as bevelvoerder van die Diamanttak in die Wes-Kaap. Hy is op 13 Junie 1932 in Kaapstad met Mary Cameron Mitchell, 'n Skotse vrou afkomstig uit Aberdeen, Skotland, getroud.

Diedericks het volgens hom ongeveer in 1937 ook 'n afdeling wat Kommuniste monitor onder hom gekry. Volgens gerugte het Duitse kommuniste beplan om Steenbrasdam naby Gordonsbaai te vergiftig, maar dit het geblyk onwaar te wees. Hulle was agitators, nie saboteurs nie. Informasie wat dui op spioenasie is gekry, maar sy personeellede was sonder opleiding en kon nie veel wyser word nie.

In Julie 1939 is hy tot luitenant bevorder en verplaas na Johannesburg. Na mondelinge aanwysings is begin met die samestelling van *CID Political Staff*, wat na 'n paar maande herdoop is tot die *CID Special Staff*. Hy was destyds die jongste offisier, maar kol. Joe Spence het hom gekies weens sy ondervinding. Terselfdertyd was hy ook in bevel van die Witwatersrand afdeling van die vreemdelingeregistrasiekantoor.

Netwerke in en om die SAP

Die meeste polisierekrute in Suid-Afrika voor die oorlog het uit redelik hegte plattelandse gemeenskappe gekom waarmee hulle bande behou het. Dit was ook die geval in Brittanje,

⁷ Man who guarded Free State Gold retires, *The Friend*, 16 September 1965, bl. 2.

Kanada en Australië se polisiemagte. In Suid-Afrika was die oorgrote meerderheid daarvan in die 1930s en 1940s Afrikaners. Die laer sosiale status van polisiemense was ook die geval in baie ander lande in die tydperk 1913-1950. Dit het bygedra tot 'n sekere beeld van die SAP en het die werwing van hooggeskooldes 'n opdraande stryd gemaak.

'n Rekrut wat geteken het om polisie diens te verrig, moes gewillig wees om hom te onderwerp aan 'n sekere etos, dié van 'n lojale staatsamptenaar wat gedissiplineerd optree en politie onpartydig is. Opleiding by die polisie van 1914 tot diep in die 1930s was baie militaristies van aard. Polisie lede moes fiks wees, goed kon perdry, goed drill en goed kon skiet. 'n Behoorlike regsillabus is eers in 1934 ontwikkel en meestal eers in 1938 deur studente voltooi.

Volgens sommige ontleders was daar bykans geen aandag aan 'n behoorlike begrip van siviele polisieeringsmetodes of openbare betrekkinge met gemeenskappe voor 1945 nie. Dippenaar, daarenteen, voer aan dat daar voor die uitbreek van die oorlog tog 'n groot klem op polisie diens en die beskerming van burgerlikes was, wat weens die oorlog se maatreëls weer 'n golf van militarisering ondergaan het.

Diedericks het in die onderhoud in 1990 genoem dat hy aanvanklik self die manne vir die Spesiale Staf geworf het. Weens sy wye dienservaring en ook kapteenskap van die polisie sokkerspan het hy die manne geken. Hy het die meerderheid van hulle op grond hiervan ingetrek as synde betroubaar. Dit is nie 'n verskynsel wat tot Diedericks se dienstyid beperk was nie. Sportklubs, hetsy sokker of rugby, was belangrik in die SAP. Sake wat nie by die werk gereël is nie, is dikwels sommer gou daar gereël. In die beeldvorming van ander polisiemense het sulke netwerke en bekendheid soms die werwing vir sekere take en bevordering beïnvloed.⁸

Sekere polisiemense het ook by geheime organisasies soos die Vrymesselaars en die Afrikaner-Broederbond (AB) aangesluit. Tydens die oorlog is die AB, wat sowel met die Gesuiwerde Nasionale Party as die Ossewa-Brandwag stewige bande gehad het, ook deur die Smuts-regering geteiken. Amptenare is in 1944 verbied om lid daarvan te word. 'n Soortgelyke verbod is nie na 1948 se oorwinning van die Nasionale Party teen Vrymesselaars ingestel nie, hoewel elke NP-premier en ook senior polisie-offisiere soos die latere luitenant-generaal Hendrik van den Bergh lede van die AB was.

⁸ Brig. Hennie Heymans, telefoongesprek, 15 April 2025.

Daar is nie openbare inligting wat aandui dat Diedericks tot 'n geheime burgerlike organisasie behoort het nie. Meer opsigtelik is Diedericks, genl. Danie Bester, kol. At Spengler en sommige ander destydse Spesiale Staflede se bande met die diamanttak. Moontlik het hulle ervaring met lokvinke en ander aspekte hulle later goed te staan gekom in hulle Spesiale Staf-werk.

In sy onderhoud in 1990, het genl. Bester aangevoer dat verskillende mynbase geld aan politieke rolspelers verskaf het, ook diegene met wie hulle oortuigings verskil het, bloot om hulle guns te verkry. Abe Bailey het volgens hom 10 000 pond aan die Gryshemde geskenk, al was hulle anti-Joods. Volgens hom het Sir Ernest Oppenheimer drie maal 10 000 pond aan minister Beyers geskenk om die Diamantwet deur te voer; met 80 000 pond in trust vir die Eerste Minister solank dit 'n nasionalis is. Vir baie van die sterk sosialistiesgesinde of nasionalistiesgesinde Afrikaners was die Smuts-regering en sy lojale politieke speurders later ook die beskermers van die Britse Ryk en die mynbase se belange.

“Brittanje se oorlog” verdeel Suid-Afrika

Diedericks en ander Spesiale Staflede moes hulle werk doen in 'n politieke diep verdeelde omgewing. In sulke politieke ordes, is die aktiwiteite wat volgens 'n politieke-verwante wet 'n misdaad daarstel dan dikwels volgens dele van die bevolking geen misdaad nie. Die polisie se toepassing van sulke wette kan dan in sekere omstandighede die legitimiteit, gesag en gewildheid van 'n regering en die staat se polisiemagte wat die wet toepas ernstig beskadig. Die politieke stryde, geskille, griewe en emosies tussen oorlogs- en anti-oorlogsgesindes het ook in die SAP en die Spesiale Staf neerslag gevind.

Wat was die historiese konteks van hierdie verdeeldheid? Veral Afrikaners het die Tweede Anglo-Boere-Oorlog (1899-1902) se vernietiging in die Vrystaat en Transvaal, die Rebelle van 1914 en die mnwerkersopstand in 1922 meegemaak. Baie polisiemense, hul vriende, kennisse en dele van hul gemeenskappe se grootouers, ouers of hulself het dit van digby beleef. As gevolg van hierdie gebeure en uiteenlopende sosiale, ekonomiese en politieke posisies en strewes was daar dekades na Unievorming steeds groot politieke verdeeldheid tussen Afrikaners en Engelssprekende blankes, maar ook tussen meer nasionalistiese Afrikaners en diegene wat deel van die groter Britse Ryk wou vorm. Die verdelings het in die diverse landstreke verskillende kombinasies aangeneem, met die republikeinse Afrikaners se swaartepunt in die Transvaal en Vrystaat.

Die verdeeldheid is 'n tyd lank besweer met die Smeltersregering en koalisie in 1933 van genl. J.B.M. Hertzog se Nasionale Party en genl. Jan Smuts se Suid-Afrikaanse Party. Dr. D.F. Malan was ten gunste van 'n meer uitgesproke Afrikaner-nasionalistiese beleid en het met ander weggebreek van Hertzog en die Gesuiwerde Nasionale Party gestig. In 1938 het die Simboliese Ossewatrek, 'n landwyse eeufeesherdenking van die Voortrekkers se Groot Trek, onder baie Afrikaners 'n opwelling van identiteit en trots meegebring. Dit het uitgeloop op die Ossewa-Brandwag (OB), wat aanvanklik 'n kulturele herlewing bevorder het.

Afrikaners was toenemend verdeeld tussen ondersteuners van Smuts, Hertzog, Malan en later Hans van Rensburg, die OB-leier. Toe Brittanje op 3 September teen Duitsland oorlog verklaar, was daar in die destydse Kabinet en Volksraad ook verdeeldheid oor oorlogsdeelname. Die Eerste Minister, genl. Hertzog, wat verkies het dat Suid-Afrika neutraal bly in die konflik, het bedank. Genl. Smuts het toe op versoek van die Goewerneur-Generaal 'n kabinet saamgestel en besluit op oorlogsdeelname. Smuts het 'n klein meerderheidstem hiervoor in die Parlement gekry.

Die bevolking was oor oorlogsdeelname ewe diep verdeeld. As die hoofsaaklik blanke kieserskorps destyds daaroor geraadpleeg sou word, sou hulle weens die meerderheid Afrikaners heel moontlik in die meerderheid vir neutraliteit gestem het. Sommige het geglo Smuts het met die oorlogsdeelname, soos in 1914, die implisiete politieke skikking wat na 1910 tussen Afrikaners en Engelssprekende blankes bestaan het, verbreek. Soos in Ierland, ongeag druk van die Geallieerde en Spilmoondhede, het die ondersteuners van Hertzog, Malan en Van Rensburg neutraliteit tydens die oorlog verkies.

Smuts en oorlogtydse inperkings

Smuts het tien dae na die oorlogsdebat sonder magtiging van die parlement noodtoestandregulasies afgekondig. Dit het die vestiging van interneringskampe en aanhouding sonder verhoor gemagtig, en die elemente van 'n regstaat verswak. Die historikus Ernst Stals kom tot die gevolgtrekking dat Afrikaners geraak is deur die vloeibaarheid en onverwagse uitvloeisels van die oorlogstoestand, die instelling van noodregulasies, en die intrekking van burgerlike wapens.⁹

⁹ E.L.P. Stals, *Die Broederbond: Die geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond, 1918-1994* (Die Afrikanerbond: Pretoria 2021), bl. 118.

Smuts en 'n klein kring om hom het die Verenigde Party as 'n uniale party beheer. Die Nasionale Party as 'n federale party het minstens formeel meer magspole gehad.¹⁰ Binne Smuts se kring het Louis Esselen, die party se hoofsekretaris, formeel en informeel 'n groot rol gespeel om Smuts in die saal te kry en in die saal te hou. In die geval van 'n ondersoek na Duitse spioenasie in Suidwes-Afrika en in die geval van die Robey Leibbrandt-saak het Esselen byvoorbeeld 'n rol gespeel het in die aanwysing van kapt. Jan Taillard.

By die oorlogsverklaring het Smuts effektief die onpartydige aard van die staatsdiens opgehef. Die onderskeid tussen regerende party en staatsdiens het vervaag. Persone, persoonlike bande en partypolitieke sienings het in die staat se politieke en veiligheidsake 'n groter rol gespeel het as wat formele posisies mag aandui. Militêre Inligting het gereeld intelligensieverslae aan Esselen gestuur, wat hulle nie net vir die oorlogspoging gebruik het nie, maar ook teen die Nasionale Party.¹¹ Esselen se impak op politieke en veiligheidsake in Suid-Afrika verdien meer akademiese ondersoek.

Een van die eerste politiekgerigte take van die SAP na die uitbreek van die oorlog was om pro-Duitse ondersteuners se aktiwiteite te kortwiek, en enige verdagtes te interneer in interneringskampe. Diegene wie se aktiwiteite nie internering geregverdig het nie, is onder die beheer van 'n distriksbeheeroffisier geplaas. Die SAP het hierin saamgewerk met die Unie-Verdedigingsmag se departement vir militêre inligting.

Die meestal onderbemande polisie is dikwels ingeroep om orde te herstel nadat pro- en anti-oorlogsgesindes slaags geraak of mekaar se fisiese veiligheid of eiendom bedreig het. Dippenaar skryf dat dit aanvanklik nie so opmerklik was nie, maar viktimisasie, arrestasie en interneringskampe sou mettertyd die oorheersende kenmerk van die Regering se beleid teenoor hierdie anti-oorlogsgesindes word. Eweneens het die Osswea-Brandwag gereageer deur die stigting van die militante Stormjaers (SJ).

Die oorgrote meerderheid onderoffisiere het uit plattelandse Afrikaner-huise gekom. Hulle sentimente was dikwels by die OB, en hulle het die impak van die oorlogtydse maatreëls op hulle families en vriende meegemaak. Die groot meerderheid senior offisiere was Engelssprekend. Daaglikse kommunikasie was meestal in Engels. Polisiemense wat polities teen die oorlog gekant

¹⁰ Christoph Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag* (LIT Verlag: Berlyn, 2008), bl. 79.

¹¹ Herman Giliomee, *The Afrikaners: Biography of a people* (Tafelberg: Kaapstad, 2003), bl. 443.

of neutraal daaroor was, moes dikwels steeds betrokke wees by polisieklompjagte, internering sonder verhoor, en botsings van burgerlikes met soldate.

Tot hierdie groep het 'n groot gedeelte van die Witwatersrandse polisie behoort.¹² Die Witwatersrand was destyds toenemend die ekonomiese sentrum van Suid-Afrika. Dit was ook 'n sleutelsentrum vir die mynmaatskappye en banke, wat meermale 'n sterk pilaar van die Smuts-regering gevorm het, en van Engelssprekende instellings en hoëlui. Hulle het daar tydens die oorlog in soms ongemaklike nabyheid verkeer met die groot getalle verstedelikende Afrikaners en instellings gekoppel wat Afrikaner-nasionalisme steun.

Die Verdedigingswet het nie vir buitelandse krygsdiens voorsien nie. Vrywillige diensverrigters moes die sg. Rooi Eed teken dat hulle bereid is om vrywillig buite SA te dien. Diegene wat die eed afgelê het, het 'n diep-oranje lussie op elke skouer gedra, waarna as die rooi lussie verwys is, asof dit 'n eed teenoor Brittanje was. Slegs 1252 van die sowat 7000 polisielede het hierdie eed afgelê, maar dit het sigbare en onsigbare onderskeide in die SAP meegebring.

SAP-lede wat geweier het om die eed af te lê, is dikwels geviktimiseer. Sommige het oornag verplasings na afgeleë plekke gekry. Weens persoonlike redes kon hulle dit dikwels nie aanvaar nie, en dan moes hulle ontslag neem. Andere is na die Polisiekollege in Pretoria gestuur vir dissiplinêre strafkursusse. Sommige is bedreig met ontslag. 'n Aantal het geswig en die eed onderteken, andere was bereid om uit oortuiging met hul weiering vol te hou en die gevolge te verduur. Hierdie gebeure het dikwels diep wonde van wantroue en verdeldheid geslaan tussen SAP-offisiere en lede, en tussen SAP-lede onderling.

Volgens genl. Bester was die meeste lede van die Spesiale Staf mense wat die Rooi Eed afgelê het. Dit was op sigself nie 'n teken van anti-oorlogsgesindheid as iemand nie die eed onderteken nie; hy moes soms nie-ondertekenaars aanspreek omdat hulle te ywerig was met die vervolging van anti-oorlogsgesindes.

Voor die oorlog het die SAP bykans 'n monopolie gehad op die produksie en verspreiding van intelligensie. Teen Mei 1940 was daar reeds talle berigte van anti-oorlogsgesindes in die SAP en die val van Frankryk voor die Duitsers in Mei 1940 het die Geallieerdes geskok. Smuts se kabinet het daarop 'n Interne Sekuriteitskomitee onder Harry Lawrence, die minister van binnelandse

¹² S.W.J. Greeff, "Die Polisiegeval", in Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes, *Agter Tralies en Doringdraad* (Pro Ecclesia: Stellenbosch 1953), ble. 67-72 op bl. 68.

sake, gevorm. Dit moes alle inligting oor ondermynende en ander aktiwiteite teen die staat koördineer.

Die langdienende SAP-kommissaris I.P. de Villiers is in Oktober 1940 gesekeunde om bevel oor 'n infanteriedivisie oor te neem en vervang deur sy minder gesaghebbende Engelssprekende tweede-in-bevel, G.R.C. Baston. Kolonel (later brigadier) H.J. Lenton, die Sensuurhoof en Posmeester-Generaal, en sy *Intelligence Clearance* (later *Records*) *Bureau* het oor intelligensie 'n teenwig vir die SAP geword. Lenton se organisasie is verantwoordelik gemaak om alle inligting oor subversiewe, dislojale of suspisieuse aktiwiteite van enige persoon, insluitende staatsamptenare, te ontvang en na die gepaste rolspeler vir optrede te verwys. Britse veiligheidsmense het dikwels verkies om met Lenton te skakel.

Guy Liddell, die Britse binnelandse veiligheidsdiens MI5 se oorlogtydse direkteur van teenspioenasie, se dagboeke word in die National Archives in Londen gehou. Hy skryf daarin: "Firstly, the South Africans are practically out of the war. That is the general atmosphere in the Union apart from Smuts and his immediate entourage. The police are without doubt riddled with OB and it is quite clear that they cannot be made use of in any way. Nobody knows this better than Smuts himself. Smuts is relying to a very large extent on the support of certain Afrikaans elements in the Union and if he were to come out into the open to attack Van Rensburg and the O.B. he would probably get the country up in arms against him. With this in mind his sole concern is to keep S.Africa in the Empire because he thinks it is the best thing for S. Africa and because if S.Africa went out of the war she would not be able to give us certain facilities which we now enjoy. Lenton has most of the police chiefs on telephone check and the results have been extremely helpful and illuminating."¹³

Die Spesiale Staf se werking

Intussen was Diedericks besig om die Spesiale Staf in Johannesburg op te bou. Hy was 'n entrepreneur sonder 'n handboek vir die reis. Volgens Diedericks was hy by die vreemdelingeregistrasiekantoor aanvanklik in Marshall-plein gestasioneer. Dit het te klein geraak en hulle kry toe 3,4 vloere in Balgowniehuis (hoek van Sauer en Commissionerstraat, Johannesburg). Veertig-vyftig jong dames het daar registrasie hanteer. Dwarsdeur die Unie het ongeveer 180 man vir die Spesiale Staf gewerk. Hulle was nie opgeleide manne nie, net

¹³ TNA, KV/4/194, Liddell Diaries, Vol. 10, 22 Mei 1940, bladsye. 21-23.

Diedericks had eintlik opleiding. Afdelings was gestasioneer in Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en ander groot stede. Indien probleme op die platteland ontstaan, is spanne soontoe gestuur.

Liassering is verrig deur klerke van die Uniformtak op die vloer bokant die Staf. 'n Prof. Fourie was geheg aan die Staf en het vir 2-3 jaar uit Staf-lêers skryfwerk vir die regering oor die oorlog gedoen. Murray (magistraat) en Du Plessis (staatsadvokaat) het ook saamgewerk met die Staf; hulle was meer as twee jaar by die Staf gewees. Die Du Plessis waarna Diedericks verwys het, is moontlik Charl du Plessis, later Prokureur-Generaal in Bloemfontein.¹⁴

'n Tweeverdiepinggebou (gekoop of gehuur van Schlesinger) oorkant Balgowniehuis is ingerig om telefone af te luister. Womack, die hooftegnikus van die Poskantoor, is hiervoor gesekondeer na die Staf met Staf-manne onder hom. Die sensorafdeling (pamflette, briewe) was onder Eric Rosenthal. Diedericks het die nommers gemagtig wat getap kon word, gaan inloer en elke tweede dag steekproewe gedoen. Op hierdie manier het hy 'n Joodse amptenaar gevang wat die nommer van die Effektebeurs tap. 'n Speurder op 'n ander plek moes 'n versoek vir magtiging direk aan Diedericks rig. Alles het na die sensor in Johannesburg gegaan.

Die telefoontap is volgens Diedericks min of meer orals toegepas. By die sensorafdeling is meertaliges benodig, Diedericks sou vanuit sy posisie by die Vreemdelingskantoor goeie kennis opgebou het oor nie-Suid-Afrikaners met goeie kundigheid. Burger, 'n Duitse tegnikus in Poskantoor, het baie goeie werk met meeluistering verrig. Twee of drie 3 Duits-Joodse dokters is ook gebruik.

Die Afrikaner-Broederbond, die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), die Reddingsdaadbond en hulle bestuurslede en OB-hoof Kol. Laas se huistelefone is afgeluister.¹⁵ Volgens genl. Bester was die latere regter Joe Ludorf en Kowie Marais ook "onder observasie". Diedericks het in die onderhoud bevestig dat baie van die polisiemense ook getap is.

Volgens Diedericks was elke speurder sy eie hanteerder en werwer van informante, ook in die Spesiale Staf. Kry hy nuwe inligting in, kon hy dit bespreek met die hoofkonstabel of met Diedericks. Kom daar nuwe korrespondensie in, het Diedericks dit uitgemerk aan 3 hoofkonstabels met 'n nota soos "Laat Potgieter my sien". Potgieter is dan voorgelig en riglyne gegee om brouwerk te verhoed, en hy het ook Diedericks se opinie oor die inligting gekry. Soms is

¹⁴ Staatsadvokaat Willie Viljoen, e-pos, 8 November 2022

¹⁵ Stals, op.cit., bl. 156

die hoofkonstabel ingeroep en aangesê: “Gee dit vir Mandy, bespreek met hom.” Twee of drie Kersfeeste was Diedericks nie tuis nie weens werkverpligtinge.

Die Stormjaers (SJ) en Terreurgroep

Die Stormjaers (SJ) is begin Augustus 1940 gestig op advies van die stoeier Johannes van der Walt. Dit was na die soldateaanvalle op *Die Transvaler*-gebou en ander in Johannesburg, aanvanklik met die doel om as wagte by geboue en OB-byeenkomste op te tree. Die SJ het op sy hoogtepunt sowat 9000 lede gehad, met sowat 8000 uit die Transvaal. Baie van die leiers was voorheen aan die Suid-Afrikaanse Weermag verbonde.¹⁶

’n Klopjag op die OB se kantore in Johannesburg in September 1940 het bewyse gelewer dat dit met Duitse hulp ’n rewolusie oorweeg het. Die regering het vroeg in 1941 verbied dat staatsamptenare lid van die OB mag wees.¹⁷ In 1941 het sabotasievoorvalle deur SJ-rolspelers toegeneem.

Die Terreurgroep is gestig as ’n binnekring in die SJ in April 1941 en was twee maande later operasioneel. OB-leier Hans van Rensburg, SJ-Owerste Steve Hofmeyr en Chris Coetsee was betrokke by samesprekings daaroor, en dit het direk onder Van Rensburg geval. Die Terreurgroep was sowat 25-30 jong Afrikaners wat uit die SJ gewerf is, met twee speurders en heelwat weermaglede.

Die Terreurgroep was betrokke by die vervaardiging van plofstof, opblaas van strategiese instellings, verbindingslyne en kragstasies se grootskaalse vernietiging, en diefstal van voertuie en brandstof. Daar was inbrake, bedrogsake en rooftogte om geld te buit, ook vir die Noodhulpfonds, wat die families van geïnterneerde OB-lede en SJ-gesinne ondersteun het.¹⁸

Die SJ en Terreurgroep se aksies was beplan om duisende soldate weg van die front vas te hou as bewakers van kwesbare punte in Suid-Afrika. Hulle het daarin geslaag en grootliks ook Van Rensburg se opdrag vir bloedlose sabotasie nagekom.¹⁹ Die Spesiale Staf moes uiteraard

¹⁶ Albert Blake, *Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Osswewabrandwagjare* (Tafelberg: Kaapstad 2018), bl. 23

¹⁷ Stals, op. cit., bl. 164.

¹⁸ Blake, op. cit., bl. 82-84.

¹⁹ Blake, op. cit., bl. 74.

ingrypend en duidelik teen sulke sabotasie optree, maar was 'n tyd in die duister oor baie van die daders.

Vir die Britse Ryk se regering in sy stryd teen Nazi-Duitsland, en vir die Smuts-regering, was anti-oorlogsgesinde handelinge subversief, dislojaal, onwettig en 'n vorm van verraad. Vir die anti-oorlogsgesindes was dit die Smuts-regering en die politieke speurders wat hul eie mense ter wille van Brittanje verrai het deur hulle in 'n ongewilde oorlog te stort, teen 'n land en volk wat nie Afrikaners benadeel het nie.

Diedericks en die SJ-verraadsaak

Terwyl dr. Hendrik Verwoerd die redakteur van *Die Transvaler* was, het hy sterk standpunte teen die OB geuiter. Volgens Diedericks het die SJ in 1941 beplan om Verwoerd voor te lê by sy huis. Die Spesiale Staf het hulle voorgelê maar een van hulle was 'n heimlike Stormjaer, en het die ander gewaarsku. D.F. Malan het as opposisieparty-leier einde 1941 versoek dat alle NP-lede uit die OB bedank, waarna die OB se invloed gekrimp het. Dit het ook die radikalisering binne dele van die OB en die SJ versterk.

Diedericks noem dat die Spesiale Staf per ongeluk einde 1941 op die bestaan van die SJ-organisasie afgekom het. Hulle was besig met die saak teen Robey Leibbrandt, die spoorwegpolisieman en Olimpiese bokser wat deur die Duitse *Abwehr* (militêre intelligensiediens) gewerf is en na Suid-Afrika gestuur is met 'n sending wat uiteindelik planne vir sabotasie en 'n moontlike sluipmoord op Smuts ingesluit het.

Potgieter, 'n Staf-speurder, volgens Diedericks 'n "mooi kêrel", is ingewerk om by Leibbrandt se suster, 'n skoolonderwyseres te kuier, met 'n warm vryery. Hy het gehoor dat Leibbrandt by 'n adres by Zoo Lake loseer. Terwyl Potgieter eendag sit en gesels, kom speursersant Brink in en herken Potgieter. Hy fluister toe aan Leibbrandt se suster dat dit 'n spurder is. Brink is later verhoor deur Diedericks, met 5 pond beboet, en is uit die polisiemag uit.²⁰

Terwyl die Spesiale Staf Leibbrandt monitor, het hulle gehoor hulle dat daar by 'n vergadering in Bezuidenhoutsvalei 'n ander polisieman by is, te wete Kraukamp, drywer van 'n offisier by Jeppe. Toe Diedericks later met sy span opdaag en by die voordeur van Kraukamp se deur gestaan het, het hy gesien dat Kraukamp se vrou by die agterdeur instap. Toe hy vra wat sy doen, het sy genoem dat sy die hoenders weens die reën gaan versorg het. Hy het na die agterstoep gestap en

²⁰ Diedericks, onderhoud, 29 Maart 1990.

in die water in die agterplaas iets sien uitsteek. Dit was 'n tassie, waarin hy 'n handgranaat en 'n boekie gevind. Die boekie het die name van 810 lede van die SAP, Spoorwegpolisie, Gevangenisdiens en Johannesburgse Verkeersdepartement bevat. Uit die name was net 111 nie SAP-lede nie, almal op die Witwatersrand gestasioneer.

Dit was die eerste teken vir die Spesiale Staf van die bestaan van 'n geheime SJ-bataljon binne die SAP. Een Spesiale Staf-klerk, 'n inligtingsoffisier van Stormjaers, en nog 2 van die Staf, ook Stormjaer-inligtingsoffisiere, se name was op die lys. Kraukamp self is as 'n luitenant-kolonel aangedui. Die latere hoof van die Buro vir Staatsveiligheid, Hendrik van den Bergh, destyds 'n polisie-onderoffisier, se handskrif was volgens Diedericks op die dokument, met die rang van kaptein.

Frik Faurie was die eerste politieke speurder wat in Pretoria aangestel is om die anti-oorlogsbeweging te ondersoek. Snags het hy sabotasie-aanvalle help loods en hulle bedags ondersoek. Nadat dit bekend geword het dat die Spesiale Staf op Kraukamp se spoor is, het die SJ-Owerste Bernie Basson, 'n lid van die Terreurgroep, beveel om Kraukamp se boek in die huis te soek en te vind voor die Spesiale Staf dit regkry. Weens nalatigheid is die opdrag nooit uitgevoer nie. Faurie se kontakte in staatsdepartemente en die polisie, tot die privaatsekretaris in die kantoor van die kommissaris, was vir die SJ en Terreurgroep van groot waarde.²¹

Nadat brig. Baston na Kaapstad gevlieg het en minister Lawrence in kennis gestel het, het laasgenoemde gelas dat al die polisielede wie se name in die boek verskyn gearresteer moet word. Diedericks het probeer keer, want ondersoek het uitgewys dat die lys ook die name bevat van mense wat as moontlike SJ-lede beskou is. Dit het egter nie gehelp nie. Altesaam 314 polisiemanne is na Koffiefontein-interneringskamp geneem vir ondervraging.

Begin Februarie 1942 het luitenant Diedericks in die kamp aangekom vir ondervraging. Hierdie ondervragings het geruime tyd aangehou. 'n Groot aantal van die manne wat op 20 Januarie gearresteer is, is later losgelaat. Uiteindelik het Diedericks 'n saak een 12 onderoffisiere en ses konstabels van die uniform en speurtak opgebou. In die Stormjaer-verraadsaak, is meer mense aangekla en uiteindelik tot uiteenlopende strawwe van gevangenisstraf gevonnis.

Die agterblywendes, saam met die wat geïnterneer is in die begin van 1943 nadat die Hoogverraadsaak misluk het, het 'n rol in die interneringskamp gespeel. Hulle het die Dienswag in

²¹ F.A. Faurie, onderhoud deur H.M. Robinson, 21 Oktober 1973, OB-Argief 42.

die kamp gestig, wat vir alle interne orde verantwoordelik was. Elke groepleier met vier manskappe het 'n diensbeurt gehad, en behoorlike aantekeninge is gehou van dienste en voorvalle. Speurder-sersant Hendrik van den Bergh het 'n polisieklas op tou gesit en die konstabels begin oplei in al die vakke vir die promosie-eksamens na tweede klas en eerste klas-sersante.²²

'n Sabotasieveldtog van telefoonlynne in Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaap het op 29 en 30 Januarie 1942 gevolg. Dit was in direkte opdrag van Hans van Rensburg uit weerwraak vir die inhegtenisnemings. Dit kon ook dien as uitlaatklep na konstabel Jan Steyn van die Johannesburgse polisiebatallion, wat hom teen arrestasie verset het, doodgeskiet is. Daarna is die aanslae gestaak, om die boodskap van 'n gedissiplineerde en georkestreerde aanslagvermoë aan genl. Smuts te stuur.

Frik Faurie, Spesiale Staflid en Stormjaer

Die arrestasies het die Stormjaers wat in die SAP was 'n gevoelige slag toegedien. Na die Stormjaer-saak in 1942 was daar volgens Diedericks nie weer anti-oorloggesindes in die Staf wat uitgeskakel moes word nie. Daarin het hy hom egter vergis. Frik Faurie was 'n kranige Spesiale Staflid maar ook 'n kranige leier in die SJ en Terreurgroep.

Volgens Diedericks het dit daarna soos volg verloop. Faurie het later bewysstukke in die Leibbrandt-saak vernietig en hy wou hom interneer. Kol. "Bull" Coetzee wat sy werk doen maar simpatie gehad het met die anti-oorloggesindes, het gesê, nee, en Faurie na Port Elizabeth verplaas. Daar is Faurie weer betrap toe hy bewysstukke wil vernietig. Diedericks se instruksie was dat geïnterneerdes nie sonder sy toestemming besoek kan kry of doen nie. Die destydse Lt. P.L.J. Wessels het Faurie se versoek toegelaat om klere by die huis te gaan haal. Faurie het ontsnap, met 'n spoorwegpolisieman by die Spoorweë geld geroof, en is uiteindelik in Bloemfontein gevang. Die bestaan van die Terreurgroep as groep het ondanks arrestasies en vonnisse 'n geheim gebly.²³

Genl. Bester vertel in sy onderhoud 'n soortgelyke verhaal van SAP-lede wat die SJ help. Stormjaers het ontsnap in 1944/1945 en daar is berig dat hulle van Port Elizabeth na Bloemfontein op pad is. Die SAP het hulle voor net noord van Bloemfontein voorgelê. Volgens hom het

²² Greeff, op. cit.

²³ Diedericks, onderhoud, 29 Maart 1990.

hoofkonstabel W.E.C. Prinsloo hulle in'n park by die ingang van Bloemfontein ontmoet en gewaarsku. 'n Getuie het dit gesien. Die Stormjaers het ontsnap en Prinsloo is uit die SAP. Later het hy weer aangesluit by die SAP. In die Unie-eksamens was Prinsloo sesde en Bester eerste. Onder die NP-bewind is Prinsloo egter vinnig bevorder, binne 2,5 jaar van majoor tot luitenant-kolonel, terwyl dit vir Bester 7 jaar geneem het.

Polisiemanne wat tekens getoon het dat hulle anti-oorlogsgesindes aktief help, is nie altyd uit die polisie verwyder nie. Sulke optrede is vir verskillende interpretasies vatbaar. Volgens Diedericks was die gebrek aan optrede in die geval van Faurie en Wessels, en ook teen SJ-Owerste Steve Hofmeyr, te wyte aan die anti-oorlogsentimente van senior polisie-offisiere soos die speurhoof, lt.-kol. J.J. "Bull" Coetzee. Ook Shear onderskryf dit.²⁴

Coetzee se geval kan egter op verskillende maniere vertolk word. Daar is vele aanduidings dat hy 'n lojale polisieman was wat vinnig opgang gemaak het en 'n goeie reputasie onder baie polisiemense geniet het. Smuts, wat Coetzee aangestel het, as die SAP-kommissaris I.P. de Villiers en kapt. Jan Taillard, danksy wie Robey Leibbrandt vasgetrek is, het Coetzee as 'n lojale en professionele polisie-offisier beskou. Coetzee was moontlik daardeur beïnvloed dat Faurie 'n goeie speurder is, dat hy hom ken en nie die span wou breek nie. Speurders was destyds onder groot werksdruk en druk om te presteer, en bevelvoerders moes diplomaties met die verskillende strominge omgaan. Hy was met beter of swakker oordeel 'n lojale polisie-offisier.²⁵

Hoe dit ookal sy, dit is duidelik dat Diedericks en ander staflede wat die oorlogspoging gesteun het vir 'n lang tyd nie Faurie se dubbelrol as Spesiale Staflid ontbloom het nie. Terselfdertyd is Faurie in sy onderhoud in 1973 positief oor die persoonlikhede en karakters van die meeste van sy kollegas, ook diegene wat gerig teen die anti-oorlogsgesindes gewerk het.

Die impak op Britse bande en familiebande

Spesiale Staflede het die risiko geloop dat hulle deur Stormjaers geteiken word. Op 24 Desember 1941 is Bester besoek deur speursersant Gert Retief. Retief het 'n bottel whisky gebring en het baie belanggestel in sy huis en waar Bester slaap. In Januarie 1942 het die SAP vir Philippus Kaber, 'n konstabel in die uniformtak, se huis gevisenteer en 80 handgranate gekry. Kaber was in

²⁴ Keith Shear, *Colonel Coetzee's War: Loyalty, Subversion and the South African Police, 1939-1945*, *South African Historical Journal*, 2012.

²⁵ Sien Adriaan den Dulk en Eileen Harrison, Colonel Johannes Jacobus "Bull" Coetzee – a loyal servant of the state, *Nongqai*, vol. 14 no. 4C, ble. 7-26.

die SJ en het beplan om op 27 Februarie 1942 Bester met 'n handgranaat te dood. Kaber is later aangekla, skuldig bevind en het gevangenisstraf gekry.

Ook in Brittanje is die nuus van die arrestasies van SAP-lede van die geheime SJ-Bataljon geregistreer, maar nie weens 'n uitruil van inligting deur die Spesiale Staf nie. Guy Liddell, die Britse MI5 se oorlogtydse hoof van teenspioenasie, skryf in sy dagboek dat die veiligheid te Port Elizabeth, Durban en Kaapstad baie ter wense oorgelaat het. Dit was egter te gevoelig vir die Britte om hul eweknieë in Suid-Afrika daaroor te direk te benader, ook in die naloop van die SAP-lede se arrestasie. Elders in sy dagboeke kla Liddell oor kollegas wat nie verstaan dat 'n dominium as politieke orde verskil van 'n kolonie nie en dat hulle niks op SA kon afdwing nie.

Dit beteken dat senior SAP-offisiere, hetsy uit ambisie, gebiedstryde, professionele trots, landsbelang of politieke oortuigings, nie willoos meegegaan het in die versoeke van hulle Britse eweknieë nie. Hulle het soms ook 'n eie koers gevaar en genoeg ruimte of invloed gehad om dit te doen. Dit was in stryd met die destydse persepsies en propaganda van anti-oorlogsgesindes.

Spesiale Staflede se familie en vriendekringe is ook deur die politieke verdelings geraak. Bester het genoem dat van sy vriende en familie betrokke was by die beplande staatsgreep waarteen hy moes optree. Sy skoonpa, die speurhoof kol. J.J. "Bull" Coetzee, se een seun was 'n lid van die OB en 'n ander seun het vir die Geallieerde magte gaan veg. Die Spesiale Stafid, At Spengler, se broer was onder die polisemanne wat in Januarie 1942 gearresteer en daarna geïnterneer is.

Spioenasie

Diedericks het in die onderhoud ook verwys na teenspionasie-aktiwiteite waarby hy betrokke was. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was dit veral gerig teen Nazi-Duitsland, en tydens die begin van die Koue Oorlog veral gerig teen ondermyning deur moontlike kommuniste en meelopers van die Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke. Kol. J.J. "Bull" Coetzee was as die destydse hoof van die Speurdiens ook verantwoordelik vir polisie-aktiwiteite gerig teen buitelandse spioenasie en binnelandse ondermyning en sabotasie.

Dr. Luitpold Werz, die Duitse vise-konsul in Mosambiek, was tydens die Tweede Wêreldoorlog in beheer van 'n netwerk van agente van die Duitse *Abwehr* (militêre intelligensiediens) in Suid-Afrika. By Siemens, 'n vervaardiger van poskantoor-toerusting, was die deurwag 'n speurderkolonel van Berlyn, en 'n briewebesteller 'n hoë vlootoffisier. Voor die uitbreek van die

oorlog is 'n lys van Nasionaal-Sosialiste in Suid-Afrika en SWA met kodenommers en beroepe uit die diplomatieke sak van Werz bekom, maar die Duitsers wis dit nie.

Hans Rooseboom was een van die Abwehr-agente in Suid-Afrika, iemand wat met 'n verskuilde radio boodskappe oor die bewegings van troepe en skepe aan Werz gestuur het. Diedericks het in die onderhoud genoem dat hy Rooseboom tydens die oorlog tevergeefs gesoek het en later uitgevind het dat Rooseboom as 'n stenograaf in die parlement in diens was.

Diedericks het in die onderhoud genoem dat die Stormjaers se kode met die Kraukamp-boek verkry is. Die Staf het die kode vir die Direktoraat Militêre Inligting (DMI) gegee, wat dit nie kon breek nie. DMI het dit aan Brittanje gegee wat dit nie kon breek nie. Diedericks het die kode toe vir 'n Wits-professor gegee, wat dit in 1942 gebreek het.

Sir Percy Sillitoe, 'n oorlogtydse senior offisier in die Britse speurdiens met Afrika-ervaring en direkteur-generaal van die binnelandse veiligheidsdiens MI5 (1946-1953), het Suid-Afrika 'n paar keer besoek as gas van Diedericks. Diedericks het later deur Sillitoe gehoor dat die kode deur die Duitsers opgestel het en dat die Britse veiligheidsdienste Duitse boodskappe met behulp van kodekennis breek.

Die beeld van 'n Gestapo

Die Spesiale Staf was onder baie Afrikaners 'n gehate groep en selfs deur sommige polisiemanne met afsku bejeën. Klopjagte in die vroeë oggendure op verdagtes se huise uitgevoer. Anti-oorlogsgesindes wat ondervra is, het deur die bank gekla dat inligting verkry is deur ontoelaatbare metodes, insluitende lokvinke en marteling.²⁶ Baie verklarings wat afgeneem is deur die politiek speurders by getuies is later deur howe as ontoelaatbare getuienis verwerp. Waar hofsake gefaal het, of waar informante mense verkla het, is baie van die verdagtes geïnterneer.

Meer as 2000 Afrikaners is volgens die Bond vir oud-Politieke Gevangenes geïnterneer in vyf kampe, waarvan Koffiefontein die belangrikste was. Dikwels was daar geen duidelike rede vir internering nie. Die politieke speurder At Spengler, wat later die hoof van die Diamanttak was, het genoem: "Ek glo tot vandag toe dat daar baie inligting is wat nooit geverifieer is nie en dat baie

²⁶ Blake, op. cit., bl. 58

persone onskuldig in die kamp beland het.” As daar nie genoegsame getuienis was vir ’n skuldigbevinding nie, is mense redelik maklik geïnterneer.²⁷

Diedericks dui aan dat hy advokaat John Vorster op instruksies van Sir Theodore Truter, die Chief Control Officer, gearresteer het, hoewel hy genoem het dat hy nie saamstem met die besluit nie.²⁸ Truter was ook die voorsitter van die krygshof wat Jopie Fourie in 1914 weens sy deelname aan die Rebelle ter dood veroordeel het. Sy beeld onder nasionalistiese Afrikaners was ongunstig, om dit sag te stel. Vorster was destyds ’n OB-generaal en later die premier van Suid-Afrika (1966-1979).

Luistervinke en lokvinke

Na die oorlog het ’n boek van Hans van Rensburg, getiteld *Sonder gewere: ’n Verhaal van nog ’n rondte*, onder die skuilnaam Stephanus Johannes de Jongh verskyn.²⁹ Daarin onderskei hy duidelik tussen die bogrondse stryd en die ondergrondse stryd, die ‘verlore hoop’ van die republikeinse Afrikanerdom waarin die Tweede Wêreldoorlog maar net nog ’n rondte was.

Die stelsel van lokvinke en luistervinke was ’n duidelike doring in die anti-oorloggesindes se vlees. Genl. Bester het tydens die onderhoud genoem dat by vrywillige informante persoonlike vetes ’n belangrike motief was. Van Rensburg skryf: “Mense is in hegtenis geneem sonder dat hulle wis wie of wat teen hulle getuig het en moes vir onbepaalde tyd in konsentrasiekampe verdwyn. In plaas daarvan dat die volk teen hierdie onreg te velde trek, het die pers en ook breë lae van die publiek juis om ’n verskerping van hierdie maatreëls geskreeu. Deur hierdie dinge het daar ’n tipe van nuusdraer in alle hoeke en uithoeke van ons land opgeskiet en gebloei wat deur niemand aan bande gelê kon word nie, en ’n groot deel van ons volk het die gevoel gekry dat hulle aan die willekeur van hul politieke teenstanders uitgelewer was, sonder dat hulle enige beroep hoegenaamd op die geregshoue van hul land kon doen.”³⁰

²⁷ A. Spengler, onderhoud deur H.M. Robinson en prof. H.C. van Rooy, 27 Januarie 1974, OB-Argief Nr. 73.

²⁸ H.O. Terblanche, *John Vorster: OB-Generaal en Afrikanervegter* (Cum-Boeke; Roodepoort, 1983), bl. 140.

²⁹ Stephanus Johannes de Jongh (Hans van Rensburg): *Sonder gewere: ’n Verhaal van nog ’n rondte* (Publicus Uitgewers: Johannesburg 1946).

³⁰ Ibid., bl. 383.

'n Berig in *Die Burger* van 11 Mei 1945, kort na die Tweede Wêreldoorlog se vredessluiting, word in *Sonder Gewere* aangehaal. Die opskrif is: Inbraak in regeringskantoor: *Pretoria. - Met spesiale inligting tot hul beskikking werk speurders van die spesiale afdeling van die polisie-hoofkwartier dag en nag in die poging om ses blankes op te spoor wat die nag van agt Mei ingebreek het by die kantoor van die Hoofbestuursbeampste. Die internerings van die hele Unie val onder die Hoofbestuursbeampste en die doel van die manne was klaarblyklik om inligting oor geïnterneerdes te bekom. Sekere dokumente is uit die kantoor verwyder.*" Van die dossiere het die identiteite van informante bevat. Van Rensburg skryf oor "die paniek in die geledere van vier, vyf jaar se heimlike nuusdraers"³¹ Mense van die OB en SJ het dit as 'n laaste hou teen hulle vervolgers beskou.

Jan Smuts en Hans van Rensburg

Die Spesiale Staf het tydens die oorlog opdrag van Smuts gekry om geen verslae oor Van Rensburg aan hom te stuur nie. Van Rensburg het volgens genl. Bester waarskynlik deur 'n tussenganger met Louis Esselen, Smuts se invloedryke regterhand, geskakel. Onder die voormalige Spesiale Staflede was daar ten tyde van my onderhoude twee menings oor Van Rensburg. Die een siening was dat hy die geweld in toom gehou het omdat daar tussen hom en Smuts 'n verstandhouding was en hy eintlik Smuts se handlanger was. Die ander siening was dat Van Rensburg 'n enigma was. Enersyds het hy gekeer dat sekere geweld plaasvind en die SJ se moontlike wapenkrag gerig aangewend. Andersyds was hy direk deur tussengangers met oorlogtydse Duitsland in verbinding en bereid om Duitsland te steun as dit die dag SA sou binneval.

Van Rensburg se posisie was kompleks, maar hy was geen handlanger van Smuts nie. Hy wou sedert die 1914-Rebellie, waar hy vir die regeringsmagte opgetree het, groot bloedvergieting tussen Afrikaners oor Brittanje se oorloë voorkom. Smuts se teenstanders, soos hy aan die Britte genoem het, was bewus daarvan dat Smuts die OB kon platvee. Van Rensburg het groot provokasie en bloedvergieting deur gerigte en bloedlose sabotasie probeer keer. Terselfdertyd het hy die SJs se totale mag probeer bewaar vir 'n gepaste tyd, byvoorbeeld as Duitsland Suid-Afrika sou inval. Smuts het weer bereken dat die OB die meeste anti-oorlogsgesindes kon saamtrek en dat hulle opposisie grootliks vreedsaam gekanaliseer kan word. Weens die Jopie Fourie-voorval se politieke impak was hy versigtiger om geen martelare te skep nie.

³¹ Ibid., bl. 377.

Beide Smuts en Van Rensburg se aksies het uiteindelik bygedra om groter bloedvergieting te verhoed. Van Rensburg het egter verwag om skuldig bevind te word as daar 'n hofsaak oor sy skakeling met oorlogtydse Duitsland sou plaasvind. Die rede was die Barrett-missie van adjunk-prokureur-generaal Barrett en die Spesiale Staf-lid en latere luitenant-kolonel George Cloete Visser, een van Diedericks se oorlogtydse hoofkonstabels. Hulle het in 1946 tydens besoek aan die na-oorlogse Duitsland verdoemende mondelinge en dokumentêre getuienis oor die Van Rensburg en die OB se skakeling gevind. Van Rensburg het beplan om sy swygreg uit te oefen om geen van sy kamerade te inkrimineer nie. Volgens sy beplande betoog voor vonnisoplegging het hy "in Duitsland gesien die middel om die Empire waarteen ek in verset gekom het, te verswak en te breek."³²

Uiteindelik het die Smuts-regering afgesien van 'n hofsaak, om nie 'n platform vir Van Rensburg te bied wat hy teen hulle kon gebruik nie. Smuts wou 'n witskrif oor die skakeling publiseer. Louis Esselen het hom daarvan afgeraai, ook omdat die VP nie tydens 'n volgende verkiesing die hele OB se ondersteuners teen hulle wou mobiliseer nie. Vir Visser en sommige ander Spesiale Staflede het dit gevoel hulle was na die oorlog pionne in 'n groter politieke spel.³³

Ierland het tydens die oorlog fisies digby Brittanje maar nietemin neutraal gebly, ondanks die druk van sowel die Geallieerde as die Spilmoondhede. Hoe anders sou sake vir die SAP en ook die Afrikaner- en swart politiek verloop het as die destydse Hertzog-Smuts regering in 1939 in die verre Suid-Afrika 'n soortgelyke beleid van neutraliteit gevolg het?

Lojale geregsdienaars

Na raming het sowat 30% van Afrikaners in die 1943-verkiesing vir Jan Smuts se Verenigde Party gestem. Die groep waaruit anti-oorloggesindes nog kon kom, was dus getalryk. Die historikus Albert Blake noem tereg dat die Spesiale Staf 'n bekwame eenheid was wat merkwaardige sukses onder moeilike omstandighede behaal het.³⁴

Diedericks, Bester en Visser stem saam dat hoewel baie polisiemanne anti-oorlog was, hulle grootliks lojaal teenoor die Staat was en goeie polisiemanne was. Smuts self het geoordeel dat

³² Albert Blake, *Afrikaner-Sondebok? Die lewe van Hans van Rensburg, Ossewabrandwagleier* (Jonathan Ball Uitgewers: Kaapstad, 2021), ble. 236-9.

³³ George Cloete Visser, *OB: Traitors or Patriots?* (Macmillan: Johannesburg, 1977), bl. 194.

³⁴ Blake, op.cit., bl. 57.

meeste Afrikaner-polisiemanne ongeag hulle politieke oortuigings hulle werk sou doen. Bester, wat ook soms 'n lyfwag was vir Smuts se vrou, het in die onderhoud genoem dat Carel Richter en Springbok Lukas Strachan beide anti-oorlog en beide lyfwagte van genl. Smuts was. Toe Smuts Richter vra om sy lyfwag te word, het Richter genoem: "Maar generaal, ek is nie vir die oorlog nie." Smuts se antwoord was: "Ek het nie gevra wat jou politiek is nie. Wil jy die werk doen?"³⁵

In 1945 is Diedericks tot kaptein bevorder. In 1947 het hy vir sy oorlogtydse bydraes teen ondermynende aktiwiteite die King's Police Medal verkry. Tydens die Britse Koning George VI se besoek aan Suid-Afrika in 1947 was Diedericks, wat ook as lyfwag vir premiers Louis Botha en Jan Smuts opgetree het, die lyfwag vir die koninglike gesin. Koning George VI het daarom in April 1947 Diedericks 'n lid van die Orde van Victoria gemaak.

As na-oorlogse hoof van MI5 was sir Percy Sillitoe gekant daarteen om sy eweknieë in Suid-Afrika te help om 'n binnelandse veiligheidsdiens op te bou. Dit lyk asof hy dit as 'n instrument vir die NP wou ontsê, ook omdat dit teen die opposisiepolitiek van 'n bevolkingsdeel gebruik kon word.³⁶ Die Spesiale Staf se samewerking met Sillitoe was veral gerig op die gesamentlike bekamping van kommuniste. Die Veiligheidstak is in 1947 gestig met maj. Hendrik du Plooy, die oorlogtydse bevelvoerder van die Spesiale Staf in Pretoria, as die eerste hoof. Hy en ander Spesiale Staflede het op uitnodiging kursusse in Brittanje ondergaan.

'n Spesiale *Nongqai*-uitgawe van Du Plooy, later luitenant-generaal en kommissaris van die SAP, bevat 'n ongedateerde foto met die onderskrif: *At the D.C.I.O.'s conference held at the Police College, Pretoria*.³⁷ Dit is iewers in 1950 geneem, want Diedericks het in 1950 jaar die rang van majoor gekry en ook die SAP daardie jaar verlaat. D.C.I.O. was die afkorting vir *District criminal investigation officers*. Dit is opvallend hoeveel polisiemanne met 'n dienstyd in die oorlogtydse Spesiale Staf op hierdie foto verskyn, onder meer die destyds Lt.-kol. A.E. Talken, Lt.-Kol. J.A.C. Reay, Majoor H.J. du Plooy, Majoor C.I. Rademeyer, Majoor G.E. Diedericks, Majoor P.L.J. Wessels en Kapt. D.A. Bester.

Nalatenskap

³⁵ Bester, onderhoud Maart 1990, Garsfontein.

³⁶ Christopher Andrews, *The Defence of the Realm: The Authorized History of MI5* (Penguin Books: Londen, 2010), bl. 444.

³⁷ Spesiale Uitgawe Lt-Gen HJ du Plooy, *Nongqai*, 14/9A, September 2023 p. 147.

Politieke strominge en magsiklusse is wispelturig. Diep verdeelde en tydsgebonde ordes en die politieke strewes waaraan hulle gekoppel is bemoelijk goeie polisiëring. Dit is te meer so as die polisie-werk vorms van politieke polisiëring behels. Agterna kan dit gebeur dat suksesvolle teenstanders, opvolgermagte en latere historici onvoldoende of geen erkenning gee vir dit wat polisiemense professioneel en goed gedoen het.

Die verdelings, griewe en emosies van die oorlogstyd het nie met die einde van die oorlog in 1945 verdwyn nie, en dit het gevolge gehad. Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het sekere besluitnemers byvoorbeeld geoordeel dat die Engelssprekende Direkteur van Militêre Inligting, kolonel C.B. Powell, tydens die oorlog die intelligensiediens teen hulle gebruik het. Binne twee maande na die verkiesing is hy ontslaan en sy dossiere deur die speurdiens deursoek.³⁸

Dieselfde politieke golwe wat Diedericks se oorlogtydse loopbaan voortgedu het, het in 1948 weer teruggerol. Sy stewige rekord en professionalisme kon hom helaas nie red nie. Die politieke polisiëring-werk wat in die een politieke orde gewaardeer is en die bewind beskerm het, is in 'n volgende politieke orde negatief beskou en teen hom gehou. Diedericks het viktimisasie beleef en meer as 'n dosyn mense wat hy geïnterneer het, is volgens hom bo hom bevorder. Diedericks se vrou se lewe is ook bedreig en op 'n stadium is sy huis vir maande bewaak.³⁹

Ook Bester en enkele ander het na die NP-bewindsoorname ongegronde stadiger bevordering meegemaak. Dit is opmerklik dat die destydse SAP-kommissaris. Genl.-maj. Robert John Palmer, kommissaris van 1945 tot 1951, nie in staat was om dit teen te werk nie. In 1950 is Diedericks tot majoor bevorder maar het hy ook die SAP verlaat. Daarna was hy 15 jaar, tot met sy aftrede in 1965, veiligheidshoof by Anglo-American se myne in die Vrystaat en Wes-Transvaal.

Maj. Diedericks was onder die groot korps professionele polisie-offisiere wat oor dekades verdeelde politieke ordes in Suid-Afrika gedien het. In uitdagende oorlogstye het hy sy werk energiek, toegewyd, vindingryk en met etlike suksesse gedoen, en deur die Spesiale Staf ook 'n erfenis in die SAP nagelaat. Die nuwe eenheid wat Diedericks gestig het, die Spesiale Staf, sou vir verskillende redes belangrik word.

³⁸ G.R. Berridge, "The Ethnic 'Agent in Place': English-speaking Civil Servants and Nationalist South Africa, 1948-57", *Intelligence and National Security*, vol. 4 nr. 2 April 1989, bladsye 257-267 op bl. 258.

³⁹ I was hounded out, says the man who interned Vorster, *Sunday Times*, October 28, 1979, p. 12.

Staatsbou het in suidelike Afrika plaasgevind oor 'n gebied met diverse politieke ordes en kultuurgroepe in die geskiedenis. Daarby was die groepe waaruit die heersers van die relatief jong politieke orde, die Unie van Suid-Afrika, gekom het, diep verdeeld oor die interpretasies van hulle geskiedenis en die voorwaardes van hulle saambestaan. Die Spesiale Staf het deur politieke en burokratiese ondernemerskap ontwikkel in 'n sigbaar belangrike instrument vir die staat se handhawing van orde en veiligheid. Die Spesiale Staf het bygedra tot vorms van staatsbou, hoewel nie altyd vorms van 'n regstaat of 'n staat wat groter legitimiteit onder verskeie bevolkingsdele geniet het nie.

Politieke polisiëring het onder die Spesiale Staf 'n sterker burokratiese basis en ondersteuningselemente verkry as sy voorgangers. Nietemin was dit soms 'n *ad hoc* kombinasie van mense en seksies, eerder as 'n sentraal-aangestuurde tak of organisasie. Diedericks sou vanuit Johannesburg 'n prominente en dikwels leidende rol speel in binnelandse veiligheid, in die Witwatersrand en nasionaal. Die Staf het saam met ander dele van die SAP by geleentheid tekens getoon van 'n effense outonome ruimte buite die wense van die Britse Ryk se veiligheidsdienste. Die werking daarvan was egter by tye duidelik onderhewig aan die persoonlike en partypolitieke inmenging van figure in die Smuts-regering.

Terwyl die militante elemente onder Afrikaner-nasionaliste die moeilikste en belangrikste krag was wat die Spesiale Staf in bedwang moes hou, het die Staf soms wel te doen gekry met swart stam- en sektariese oproer, stakings en nywerheidsonrus. Dit sou die militante onder swart nasionaliste wees wat uiteindelik in die tydperk 1948-1990 die grootste uitdagings aan die Spesiale Staf se navolger, die SAP (Veiligheidstak), sou stel. Die Spesiale Staf het ook wat sommige personeellede, praktyke, ondersteuningselemente en wyer netwerke aan betref die basis gevorm vir anti-kommunistiese polisiewerk en internasionale skakeling tydens die Koue Oorlog.

AFTERWORD

Commitment, Duty and Reflection: A Contemplation on Major GE Diedericks, KPM, MVO

Brig HB Heymans (SAP – Ret)



I have read the article by Dr Heinrich Matthee with sincere attention, including Dr. Johan Burger's insightful foreword. The central theme revolves around the persona of Major GE Diedericks— the man who, during the Smuts government, was responsible for the internment of, among others, Advocate BJ Vorster.

Major Diedericks acted lawfully and in full accordance with his duties under the authority of the day. He was a man who carried out his orders in service of his government — a government that itself stood amid the global ideological turmoil of its time. History, however, is rich in irony: only a few years later, that same BJ Vorster, once interned as an enemy of the state, would rise to become Prime Minister of South Africa (1966–1978).

It is said that Vorster continued to greet Diedericks courteously at official occasions yet chose not to engage with him beyond the formalities — a small but meaningful gesture of political and personal distance.

When 1994 arrived, the National Party's era drew to a close, and the ANC alliance assumed power. Once again, the pendulum of history swung. Many former members of the South African

Police — men who had acted against the SACP-ANC alliance in the name of state authority — found themselves cast to the wolves in the new dispensation. They were rejected, sidelined, or even prosecuted. History, it seems, seldom shows mercy to those who serve at the intersection of politics and duty.

The policeman's task has always been unenviable — trapped between duty and conscience, between loyalty and humanity. He serves not a political party, but an instruction; yet he is judged according to the political winds of his time. One can foresee that if a new political order takes shape in the coming years, serving members of the SAPS may once again find themselves facing a bitter reckoning — for history has a way of repeating itself in new guises.

From 1966 to 1994, members of the former South African Police served during a deeply complex and turbulent period. To join the SAP, SADF, or Secretariate of the State Security Council (SSSC) in those years was not merely to take a job; it was to embark on a path fraught with personal and moral risk. One often wonders whether the National Security Management System (NSMS), the Secretariat of the State Security Council (SSC), or the politicians of the time ever paused to reflect — *with the Nuremberg principles in mind* — on whether the role of the policeman and the soldier had been fairly considered, or merely used, discarded and later forgotten.

With the benefit of hindsight, I believe it is often wisest for any member of the security forces to remain within the realm of classical policing — the protection of life, property, and public order — and to avoid becoming entangled in the grey domains of security, intelligence, riot control, and counter-insurgency.

BUT — the reality is that the policeman has taken an oath of service. He is bound to serve where his country calls, whether he desires it or not. He does not always choose the field of duty; sometimes the field chooses him.

Nongqai has previously dedicated special editions to Colonel "Bull" Coetzee and Major-General HJ du Plooy. This special edition on Major GE Diedericks therefore completes the trilogy of Special Branch Commanders who served under the Smuts administration during the Second World War.

Together, these three biographical studies offer a rare and poignant insight into an era when loyalty, duty, and conscience often stood in painful opposition — and when the policeman, perhaps more than any other public servant, bore the moral weight of the state upon his shoulders.

The story of Major Diedericks reminds us that duty without understanding can easily lead to injustice — yet no society can endure without men and women of duty. History may judge them, but it remains our responsibility to remember them.

NAWOORD

Verbintenis, Plig en Nabetragting: 'n Oordenking oor Majoor GE Diedericks, KPM, MVO.

Brig HB Heymans (SAP – Afgetree)

Ek het hierdie artikel deur dr Heinrich Matthee met groot aandag gelees, insluitend dr. Johan Burger se insiggewende voorwoord. Die sentrale tema fokus op die merkwaardige persoon van majoor GE Diedericks, MVO, KPM — die man wat destyds, in die tyd van die Smuts-regering, onder meer advokaat BJ Vorster geïnterneer het.

Majoor Diedericks het destyds binne die raamwerk van die wet en sy plig opgetree. Hy was 'n man wat sy opdragte uitgevoer het in diens van die regering van die dag — 'n regering wat homself in 'n wêreld vol ideologiese spanning bevind het. Tog sou die wending van die geskiedenis hom ironies laat terugkyk: slegs enkele jare later word daardie selfde BJ Vorster, destyds geïnterneer as vermeende vyand van die staat, die eerste minister van Suid-Afrika (1966–1978). Volgens oorlewering het Vorster hom steeds hoflik by amptelike geleenthede gegroet, maar nooit verder gegaan in persoonlike omgang nie — 'n subtile maar veelbetekenende gebaar van politieke en menslike distansie.

Met die koms van 1994, toe die Nasionale Party se invloed tot 'n einde gekom het en die ANC-alliansie die bewind oorgeneem het, het die geskiedenis weer sy kringloop voltooi. Baie oudlede van die Suid-Afrikaanse Polisie — manne wat eens in die naam van die staat teen die SAKP-ANC-alliansie opgetree het — is ná die oorgang letterlik vir die wolwe gegooi. Hulle is verwerp, uitgedien verklaar, of selfs vervolg. Die geskiedenis, so blyk dit, is selde genadig teenoor die uitvoerders van plig.

Die polisieman se taak was nog altyd 'n onbenydenswaardige een: vasgevang tussen plig en gewete, tussen lojaliteit en menslikheid. Hy dien nie 'n party nie, maar 'n opdrag; tog word hy dikwels geoordeel volgens die politieke winde van sy tyd. En mens kan reeds voorsien dat, sou 'n nuwe party binne 'n jaar of twee aan bewind kom, dienende lede van die SAPD dalk weer 'n bitter

pil sal moet sluk — want die siklus van skuld en verantwoording herhaal hom telkens in nuwe gestaltes.

Tussen 1966 en 1994 het lede van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisie in 'n uiters komplekse en gewelddadige tydperk gedien. Om 'n loopbaan in die SAP, SAW of SSVR te kies, was nie bloot 'n beroep nie — dit was 'n lewenskeuse met diep risiko's, persoonlik en moreel. 'n Mens kan tereg wonder of die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel (NVBS), die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SSVR), en die destydse politici ooit werklik met die Neurenberg-beginsels in gedagte gaan sit en besin het oor die vraag: *Is die rol van die polisieman en soldaat regverdig verreken, of slegs funksioneel benut en toe vergeet?*

Met die voordeel van nabetragting glo ek dat dit vir enige lid van die veiligheidsmagte waarskynlik die wysste is om hom of haar te beperk tot klassieke polisiëring — die beskerming van lewens, eiendom en openbare orde — en weg te bly van die grys gebiede van veiligheid, intelligensie, onlustebestryding en teeninsurgensie.

MAAR — die werklikheid is dat die polisieman 'n eed afgelê het om diensbaar te wees waar die land hom nodig het. Hy kies nie altyd sy terrein van diens nie; soms word hy daar geplaas waar die storms die ergste woed.

Die Nongqai het reeds kolonel “Bull” Coetzee en generaal-majoor *HJ du Plooy* volledig behandel deur spesiale uitgawes aan hulle te wy. Hierdie uitgawe oor majoor GE Diedericks voltooi dus die trilogie van Spesiale Tak-bevelvoerders wat onder die Smuts-regering tydens die Tweede Wêreldoorlog gedien het. Saam vorm hierdie drie biografiese studies 'n unieke beeld van 'n tyd toe lojaliteit, plig en gewete in botsing gekom het — en waarin die polisieman, meer as enige ander amptenaar, die draer was van die staat se morele las.

Majoor Diedericks se verhaal herinner ons daaraan dat plig sonder begrip maklik tot onreg kan lei — maar dat geen samelewing sonder pligsgetroue manne en vroue kan oorleef nie. Die geskiedenis mag hulle beoordeel, maar dit bly ons verantwoordelikheid om te onthou.



NONGQAI

VRYWARING & © | INDEMNITY & ©

SLOT | END



Dear reader

Please note that this magazine is composed of contributions received from independent contributors, in the tradition of recounting history as seen through the eyes of those who had lived those times. It thus contains diverse and personal recollections and opinions. Therefore, the editors and publishers of the Nongqai cannot be held responsible or be liable for the content provided by contributors.

Geagte leser

In die tradisie om die geskiedenis weer te gee soos gesien deur die oë van diegene wat daardie tye beleef het, bestaan die *Nongqai* uit insette gelewer deur sy onafhanklike bydraers. Dit bevat dus uiteenlopende persoonlike herinneringe en menings. Die redakteurs en uitgewers van die *Nongqai* kan daarom nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud wat deur individuele bydraers gelewer is nie.

© 2021 Brig. HB Heymans (SAP Ret.)

STUUR ASB FOTO'S EN STORIES AAN:

Brig. Hennie Heymans:  +27 723 361755
 heymanshb@gmail.com

